**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 28 APRIL 2021 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **BKN020/04/2021**<br>**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**<br>Die Voorsitter open met gebed en verwelkom almal by die vergadering.<br>*** | |
| **BKN021/04/2021**<br>**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**<br>**3/3/1/4**<br>Interne Ouditeur - gesinsverantwoordelikheidsverlof<br>*** | |
| **BKN022/04/2021**<br>**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**<br>**3/3/1/6**<br>Alle Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br>*** | |
| **BKN023/04/2021**<br>**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 30 MAART 2021</u>**<br>**3/3/2/2**<br>**<u>BESLUIT</u>**<br>Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Dinsdag 30 Maart 2021, bekragtig word.<br>*** | ***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)*** |
| **BKN024/04/2021**<br>**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 30 MAART 2021</u>**<br>Die Munisipale Bestuurder gee kortliks terugvoer en rapporteer dat die besluite in die praktyk en op die stelsel afgehandel is.<br>**<u>BESLUIT</u>**<br>Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 30 Maart 2021.<br>*** | ***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)*** |

**BKN025/04/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN026/04/2021**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks terugvoer.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die mondelingse verslag soos voorgelê.

***

**BKN027/04/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Sy gee die reëling deur dat die Uitvoerende Burgemeester toestemming gegee het dat sy na afloop van die vergadering aan die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede en Direksie terugvoer sal gee oor die spesifieke aangeleenthede wat insluit vordering met kriminele sake, terugvoer in die dispuut met die Ouditeur-Generaal en die PIE – aansoek (Rhinopark).

***

**BKN028/04/2021**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN029/04/2021**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN030/04/2021**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: ITEM TO COUNCIL TO OBTAIN APPROVAL TO TRANSFER FUNDS TO BERGRIVIER TOURISM ORGANIZATION (BTO)**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en gee 'n breedvoerige opsomming van die item onder bespreking en meld dat die fondse aangewend word om die pryse te borg vir die "Bergrivier Virtual Talent Competition".

**RECOMMENDATION: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

That Council consider and approve the veriment for the Bergrivier Virtual Talent Competition and give permission that the R29 000 can be transferred

from the Community Upliftment Fund to the Bergrivier Tourism Organization (BTO) Grand – in – Aid.

***

**BKN031/04/2021**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: HUISBRANDE**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in en meld dat twee (2) huisbrande plaasgevind het gedurende die afgelope 2 maande in verskillende dorpe en verneem na die proses wat gevolg moet word indien 'n huisbrand ontstaan.

Die Voorsitter verwys spesifiek na waarheen die slagoffers verskuif word na 'n brand en hoe Bergrivier Munisipaliteit die slagoffers kan help met tydelike huisvesting.

Raadslid Du Plooy rapporteer dat gesprekke reeds gefasiliteer word oor nood behuising.

**BESLUIT**

Dat die Portefeulje Voorsitter van Gemeenskapsdienste, Raadslid Du Plooy, die aangeleentheid rakende huisbrande by die Staande Komiteevergadering van Gemeenskapsdienste bespreek.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (31/05/2021)***

***

**BKN032/04/2021**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: HOË WATERREKENINGE**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in en verwys na talle klagtes wat nie beantwoord word van die publiek deur die Finansiële Dienste Direktoraat nie. Die Voorsitter versoek dat die Direkteur Finansiële Dienste verseker dat navrae spoedig tot bevrediging van die kliënte opgelos word.

Die Direkteur Finansiële Dienste gee 'n breedvoerige opsomming oor die proses hoe navrae hanteer word, asook hoe die stelsel rekeninge genereer. Hy gee 'n opsomming van tendense wat per jaar ondervind word en verseker die Voorsitter dat alles binne die verantwoordelike amptenare se vermoë gedoen word om die klagtes so spoedig en akkuraat moontlik af te handel. Hy meld verder dat die publiek genooi word om hul inligting aan die Finansiële Dienste Direktoraat te voorsien, sodat klagtes ondersoek word.

Raadslid Wessels versoek die Direkteur Finansiële Dienste om 'n tydlyn oor die proses vir die afhandeling van finansiële klagtes / rekening navrae aan die Raad te voorsien om sodoende die publiek te kan inlig oor hoe lank dit kan neem om die klagte af te handel.

Raadsdame Crafford versoek dat alle finansiële navrae / klagtes in alle dorpe dieselfde hanteer en toegepas word.

Die Direkteur Finansiële Dienste rapporteer dat alle personeel in die finansiële departement in alle dorpe instaat is om finansiële klagtes te hanteer en dit nie nodig is om enige lid van die publiek van buite dorpe te verwys na die Piketberg kantore vir afhandeling van klagtes nie.

**BESLUIT**

Dat die S.O.P / vloeidiagram, met betrekking tot die hantering van finansiële

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

klagtes / navrae, hersien word, aan die publiek voorsien word en opleiding aan die amptenare gegee word wat hierdie S.O.P / vloeidiagram moet implementeer.

***(30/06/2021)***

***

**BKN033/04/2021**
**VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: WHEATFIELDS - PIKETBERG**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in. Hy meld dat hy 'n navraag vanaf die Wheatfields huiseienaarsvereniging ontvang het oor die terugvoer vanaf Bergrivier Munisipaliteit, met betrekking tot die lewering van dienste in Wheatfields.

**BESLUIT**

Dat die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels die aangeleentheid by die Staande Komiteevergadering van die Tegniese Dienste Direktoraat bespreek.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (31/05/2021)***

***

**BKN034/04/2021**
**VYFDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: KERKDIENSTE WAT GESTOP IS IN VELDDRIF**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in. Hy verwys na die groep van Velddrif wat 'n klagte ingedien het oor hul kerkdienste wat gestop was met 'n hofbevel. Hy versoek dat alle groepe / aktiwiteite konsekwent hanteer word en dat sekere groepe / aktiwiteite nie uitgesonder word nie.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste meld dat 'n volledige verslag aan die Uitvoerende Burgemeester voorsien is ter agtergrond van die aangeleentheid. Hy meld dat gesprekke reeds met die Stadsbeplanner: Wes gefasiliteer is in die verband.

Die Voorsitter spreek sy ongelukkigheid uit oor die manier hoe die aangeleentheid hanteer was en dat alternatiewe opsies nie oorweeg was om die groep te akkommodeer nie.

**KENNIS GENEEM**

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (31/05/2021)***

***

**BKN035/04/2021**
**SESDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: DIEFSTAL VAN MUNISIPALE GOEDERE**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in. Hy verneem of die sake ondersoek word deur die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) en of die skuldenaars al vasgetrek is.

**BESLUIT**

Dat 'n vorderingsverslag aan die Uitvoerende Burgemeester voorsien word, met betrekking tot die aktiewe diefstal sake binne Bergrivier Munisipaliteit wat aangemeld is by die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) en die vordering van eise deur die versekeraars.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (31/05/2021)***

***

**BKN036/04/2021**
**SEWENDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: OORSTROMINGS IN PIKETBERG**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in. Hy meld dat daar steeds oorstromings tydens reënweer ondervind word in sekere laer liggende erwe / gedeeltes in Piketberg.

**BESLUIT**

Dat die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels, en die Direkteur Tegniese Dienste die verstopping van stormwaterpype aanspreek.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (31/05/2021)***

***

**BKN037/04/2021**
**AGSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: AANTEKENING VAN WERKNEMERS BY DIE TEGNIESE / ELEKTRIESE STORE**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en rapporteer dat klagtes ontvang word dat sekere personeellede in die Elektriese afdeling nie die volle dag op kantoor is nie.

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Tegniese Dienste hierdie bewering ondersoek en aanspreek.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (31/05/2021)***

***

**BKN038/04/2021**
**NEGENDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: OORTYD**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in. Hy verwys spesifiek na die korrekte toepassing / berekening van oortyd. Raadslid Wessels bevestig dat die regstelling reeds in Februarie 2021 gemaak is en dat die berekeninge vanaf Februarie 2021 korrek geïmplementeer word.

Die Speaker meld dat die probleem wat tans ondervind word is dat senior amptenare nie meer wil uitgaan om klagtes na ure te hanteer nie, aangesien die betaling aansienlik verminder het.

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n verslag, met betrekking tot oortyd by die Staande Komiteevergadering van Tegniese Dienste sal voorlê vir bespreking.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (31/05/2021)***

***

**BKN039/04/2021**
**TIENDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: ERWE IN HEIDESINGEL, PIKETBERG**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in. Hy meld dat klagtes ontvang is vanaf die inwoners in Heidesingel, Piketberg dat die grootte van hul erwe verskil.

**BESLUIT**

Dat die Beplanning en Omgewingsbestuur afdeling 'n ter plaatse ondersoek loods om te bepaal of die klagte gegrond is en vasstel of die inwoners onwettig optree tot die grenslyne van hul onderskeie erwe.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (31/05/2021)***

***

***(Die Direkteur Korporatiewe Dienste verklaar sy persoonlike belang by die volgende item vir bespreking en verlaat die vergadering om 11:25)***

**BKN040/04/2021**
**ELFDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: EKSTERNE PROVINSIALE BEURSE**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en meld dat hy twee appèlle ontvang het van die toekenning van die eksterne Provinsiale beurse.

Op navraag van die Voorsitter oor hoe die appèlle hanteer word bevestig die Munisipale Bestuurder dat daar nie 'n amptelike appèl proses is om te volg nie en dat daar nie 'n appèl reg is vir hierdie aansoeke nie. Sy rapporteer dat die vorige appèl deur haarself en die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste hanteer was.

**BESLUIT**

1. Dat die kontrak / ooreenkoms van Provinsie oor die Provinsiale beurse vir 'n regsopinie gestuur word om te bepaal hoe hierdie aangeleentheid hanteer moet word; en

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

2. Dat die Menslike Hulpbronbeampte: Opleiding en Ontwikkeling 'n verslag, met betrekking tot die proses van die toekenning van die eksterne Provinsiale beurse, by die Opleidingskomitee voorlê vir bespreking.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (30/06/2021)***

***

***(Die Direkteur Korporatiewe Dienste sluit om 11:40 aan by die vergadering)***

**BKN041/04/2021**
**TWAALFDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: KAPITAALPROJEKTE VAN WYKSKOMITEES**
**9/1/2**

Die Voorsitter gee kortliks agtergrond. Hy meld dat 'n misverstand ontstaan het, met betrekking tot wie verantwoordelik is om die wykskomitees se kapitaalprojekte uit te rol.

Die Munisipale Bestuurder rapporteer dat die onderskeie funksies reeds aan die verantwoordelike direktorate gekommunikeer is vir afhandeling.

Die Direkteur Finansiële Dienste gee 'n bondige samevatting van die begrotingskomponent, met betrekking tot die allokering van fondse in die begroting en die benaming van die lyn items ooreenkomstig die mSCOA sisteem.

Die Direkteur Gemeenskapsdienste spreek sy frustrasie uit oor die onbillike tydsraamwerk waarin die wykskomitees se kapitaalprojekte afgehandel moet word en versoek dat hierdie inligting vroeër gekommunikeer word aan die onderskeie direktorate wat die funksies moet verrig.

Die Voorsitter versoek dat die Raadslede en Administrasie beter saamwerk om goeie diens, aan die gemeenskap te bied.

**BESLUIT**

Dat die boubeheer beamptes van die onderskeie dorpe die persele / wonings in Sandstraat, Piketberg en St. Christopherstraat in Velddrif besoek en 'n verslag vir bespreking voorlê aan die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (31/05/2021)***

***

**BKN042/04/2021**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: FEBRUARY 2021**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford, lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for February 2021.

***

**BKN043/04/2021**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: FEBRUARIE 2021**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford, lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council take note of the February 2021 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act; and

2. That Council take note that there was a total of R26 708.85 expenditure incurred during the month of February 2021 to prevent the spread of COVID-19 and to aid in humanitarian relief during the period of lockdown level 3.

***

**BKN044/04/2021**
**AFSKRYF VAN UITSTAANDE SKULD**
**5/1/B; 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford, lei die item in en gee kortliks agtergrond.

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford, versoek die Direkteur Finansiële Dienste om die gewysigde aanbeveling elektronies te versprei aan alle Raadslede voor die Raadsvergadering vanmiddag, Woensdag 29 April 2021.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat goedkeuring verleen word vir die afskrywing van uitstaande deernis skuld, ten bedrae van R 2,198,928.67, soos per aangehegte lys;
2. Dat goedkeuring verleen word vir die afskrywing van die onaktiewe grootboek saldo's soos gelys ten bedrae van R 2,201,321.51;
3. Dat kennis geneem word van die feit dat die bedrae van die uitstaande skulde soos per die aangehegte lys in 'n geringe mate kan verander en dat geen afskrywing meer sal beloop as wat die skuld op datum van goedkeuring van die afskrywing sal beloop nie; en
4. Dat aanbeveling 2 terugverwys word na die Finansies Staandekomitee vir heroorweging (skuld ouer as 900 dae en skuld ouer as 720 dae).

***

**BKN045/04/2021**
**2020/21 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 3: 1 JANUARY – 31 MARCH 2021 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**4/7/6; 5/1/1**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the quarterly performance report for Quarter 3 (1 January – 31 March 2021) be noted; and
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***

**BKN046/04/2021**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: MARCH 2021**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in vir kennisname.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for March 2021.

***

**BKN047/04/2021**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

---

**BKN048/04/2021**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN049/04/2021**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN050/04/2021**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN051/04/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN052/04/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:30*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***